# DIE FEES VAN DIE OOP DEUR

6 Desember 2009

## Adventsgebed

Almagtige God, ons hemelse Vader, U kom altyd u beloftes na.
Ons dank U dat U u enigste Seun gestuur het toe die tyd daarvoor reg was.
Saam met u hele kerk vier ons sy koms.
Ons verheerlik U, ons genadige Vader,
En u Seun, ons Koning van Sion,
En die Heilige Gees.
Here, U is ons Koning – in die Naam van die Vader bid ons dat U ons in staat sal stel om hierdie Adventstyd reg te vier: in ons harte, met ons woorde, en deur ons lewe aan U toe te wy.
Stort asb u oorvloedige seën oor ons uit. Stel ons in staat om met entoesiasme na u Woord te luister, om dit te vertrou en in geloof te aanvaar, sodat ons die vreugde van u Gees kan ervaar en aan U ons bewondering kan bring. Laat ons U dien, die God wat mens geword het, ons Verlosser, nou hier op aarde, in u kerk, maar ook vir altyd in u Koninkryk.
Amen.
(Morawiese Broeders; 16de eeu.)

**OPENBARING 3:7-13**

1. ‘N TOE DEUR KAN **GOED** WEES

… veiligheid (jou huis se deur)
… privaatheid (wanneer jy nie gesteur wil wees nie – gebed Mt 6:6 VV)

2. WANNEER IS ‘N TOE DEUR **SLEG?**

… jou uitsluit (gelykenis van die 5 meisies en 5 meisies) – “toedeurkamer”
… jou stuit (op jou pad iewers heen)
… jou insluit (tronk – verskil tussen mense buite en binne)

3. JESUS HET DIE **SLEUTELS** OM TOE DEURE OOP TE SLUIT

…vers 7 (lees) – Dit dui vir ons op **Jesus se gesag**. Die Een wat die sleutels het, het die **mag**. Vandaar uitdrukkings soos “sleutelfig., sleutelmag”. (Koster!)
…Apostels en Petrus in gevangenis (Hand 5:19 en 12:10)

4. JESUS <u>IS</u> DIE **DEUR**

… Lees Joh 10:9; 14:6
… daar is nie ‘n ander nie (sonde skeidsmuur)

5. <u>**GAAN IN**</u> DEUR DIE OOP DEUR

… kerkinwyding (moet by deur INGAAN)
… Kersfees: Fees van die Geopende Deur
… moet INGAAN (moet **deur Jesus** na Vader gaan, vergelyk Verlore Seun)

… doen dit SONDER UITSTEL (bruilofsfees: te laat)

6. ANDER **OOP DEURE**

… **Frigië**: Kon wees dat die woorde in vers 8 verwys na 'n geleentheid wat die Here hulle gegee het om sendingwerk in Frigië te gaan doen. Oop deure kan dus dui op **geleenthede** wat die Here aan sy kerk en sy kinders gee om die evangelie uit te dra. Ons is nie veronderstel om met die evangelie **agter geslote deure** te bly nie.

… lees daarvan: **Paulus skryf** aan die Korintiërs*: "Ek sal egter tot Pinkster in Efese bly, want hier staan 'n groot en belangrike deur vir my oop, maar hier is ook baie teenstanders."* (1 16:8,9) In sy tweede brief aan hulle vertel hy: *"Toe ek in Troas aangekom het om die evangelie van Christus daar te verkondig, het die Here die deure vir my wyd oopgemaak."* (2 2:12)

… Ons as **Wyksraad** is besig om vir onsself die vraag af te vra: *Waar het die Here vir ons deure oopgemaak sodat ons daar kan ingaan?* Ons het die afgelope tyd diep onder die indruk gekom hoe belangrik dit is om nie sommer goed te begin doen en dan te vra God moet dit seën nie. Ons wil eers **mooi luister** wat GOD wil hê ons moet doen; **fyn oplet** na waat HY besig is sodat ons dan BY HOM kan inval – liewer as om te verwag Hy moet by ONS inval!

En ons **beplan** om u vorentoe baie meer te betrek. U moet **saam** met ons luister. U moet ons **kom vertel** waar u dink die deur oop is. Ons gaan op die nommers van die **groeigroepe druk** en nog ander forums skep waar ons kan saamluister na wat die Gees vir HIERDIE gemeente sê. Waar is die GELEENTHEDE, waar is die NOOD, waar is die BEHOEFTE. Ons **moet dit weet** om ons kragte en middele so doeltreffend moontlik te gebruik. Ons weet nie hoeveel **tyd** ons nog het nie. *"Ek kom gou"* het Jesus gesê (:11).

SLOT

**Kersfees is die fees van die geopende deur.**
Gaan **vertel** dit vir hulle wat nog buite is. **Nooi** hulle binne.
**Gebruik die oop deure** wat die Here u en my hierdie Kerstyd gee!

Amen
6/12/09

## Seën:

Mag die **liefde** van die Here Jesus ons na Hom toe *trek*;
Mag die **krag** van die Here Jesus ons *sterk maak* in Sy diens;
Mag die **vreugde** van die Here Jesus ons *vervul*.
Mag die **seën** van die almagtige God, die Vader, Seun en Heilige Gees, tussen ons *wees* en vir altyd *bly*.